

## Teksgedeelte:

Miga 2:1-11

## Aktiwiteit:

Tydens die erediens word van die kinders betrek en word 'n situasie geskep wat vir die kinders ooglopend onregverdig kan wees.

- 'n Bak met sjokolade word voor op die Nagmaaltafel geplaas.
- So paar kinders word vorentoe geroep en opdrag gegee om soveel sjokolade te vat as wat hulle wil hê.
- Die gedagte is om 'n situasie te skep waar daar party is wat meer sjokolade kry as ander en party wat dalk selfs glad nie sjokolade kry nie.

(Hierdie aktiwiteit kan dalk weer in die klas herhaal word met 'n pak marshmallows – bring dan asb. self 'n pak saam! Verander dan die aktiwiteit so bietjie sodat die kinders wat in die kerk was ook sal kan baat vind by die marshmallow uitdeel gedeelte, anders review dit wat hulle geleer het uit die vorige ervaring)

## Reviewing:

### Diamante:

- Het iets gebeur wat jy nie verwag het nie?
- Is daar iets wat vorige keer gebeur het wat nou anders was, wat?
- Wat het gebeur, wat jy gehoop het, sou gebeur?
- Wat was die belangrikste oomblik van wat gebeur het?

### Harte:

- Noem 5 emosies wat jy gesien het tydens die aktiwiteit.
- Is daar iemand wat jy dink dieselfde gevoel het as wat jy sou voel?
- As jy iets was dat mens sou kon vind in die motorhuis tydens hierdie aktiwiteit, wat sou dit wees en hoekom?

### Skoppens:

- In watter omstandighede voel jy tevrede?
- In watter omstandighede voel jy ontevrede?
- Noem voorbeelde van kere wat mense meer vat as wat hulle nodig het.

### Klawers:

- Vertel 'n storie vanuit Miga 2 van mense wat meer gevat het as wat hulle nodig gehad het.
- Wat gaan dit aan ons wêreld doen as mense meer vat as wat hulle nodig het?
- Hoe kan ek seker maak dat ek nie meer vat as wat nodig is nie?